**HOËRSKOOL VREDENBURG**

**AFRIKAANS EAT**

**TAAK 3**

**MAART 2022**

**TYD: 1½ ure**

**GRAAD 8** **PUNTE: 50**

**EKSAMINATOR:** **M.BEZANT**

**MODERATOR:** **U.BEIROWSKI**

**E.VAN DER MERWE**

**L.CRAILL**

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

**AFDELING A: LEESBEGRIP EN VISUELE TEKS (30 punte)**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (20 punte)**

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
4. Begin elke afdeling op ʼn NUWE bladsy.
5. NOMMER jou antwoorde presies soos in die vraestel.
6. Laat ʼn reël OOP tussen die antwoorde.
7. Skryf NETJIES en TAALKUNDIG korrek.

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS

## VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**SA 'Lucifer'-aktrise Lesley-Ann Brandt se opwindende lewe in Los Angeles**



1 Die laaste seisoen van die Netflix-reeks *'Lucifer'* is klaar verfilm, en die Suid-Afrikaans gebore aktrise kan nou meer gesinstyd geniet.

2 Lesley-Ann Brandt het die afgelope vyf jaar die rol van Mazikeen, *Lucifer* se regterhand, in die reeks *Lucifer* vertolk. Dit was ’n rol wat haar lewe verander het.

3 “Nie net het ek die voorreg gekry om hierdie karakter te speel nie; weg van die kameras af het ek in seisoen een getrou, in seisoen twee ’n kind gehad en gedurende die derde seisoen het ons ’n huis in Los Angeles gekoop,” vertel sy.

4 As daar nou een ding is wat sy van die *Lucifer*-stel gaan mis, sal dit haar karakter se klere wees, vertel sy.

5 Op die laaste dag van verfilming het sy ’n mengelmoes emosies ervaar. “Daar was ’n gevoel van vreugde en ook ’n diepe dankbaarheid om deel van hierdie reeks te kon wees.”

6 Lesley-Ann en die Amerikaanse akteur Chris Payne Gilbert het verlede maand hul sesde huweliksherdenking gevier. Om hul huwelik te laat werk, moes sy ’n balans tussen werk en haar gesin vind.

7 Lesley-Ann en Chris se seun, Kingston, het onlangs vier jaar oud geword, en naweke pak die ouerpaar prettige aktiwiteite saam aan om hom besig te hou.

8 “Hy is op die oomblik versot daarop om met sy fiets te ry, en ons gaan oefen gereeld in die park,” vertel Lesley-Ann. Die kleinman het ook onlangs met sokkerlesse begin wat ’n groot vreugde vir sy ouers is, wat albei Manchester United-aanhangers is.

9 Al kan Kingston nie juis Afrikaans praat nie, ken hy ’n bietjie van die slêng en het hy “ ’n baie goeie Suid-Afrikaanse aksent,” vertel sy.

10 “Hy woon ’n internasionale Franse skool by, en sy Frans vorder goed,” spog die trotse ma.

11 Lesley-Ann was in Mei in Suid-Afrika om vriende se troue by te woon. Die aktrise, wat in Athlone, Kaapstad, grootgeword het, sê sy mis die mense en uitsig op Tafelberg die meeste.

12 “Daar is net géén ander gemeenskap soos Suid-Afrikaners nie.”

13 Al het sy ver oor die waters gaan naam maak, sorg haar familie dat haar voete plat op die aarde bly. “Daar is geen manier dat ek ooit in ’n diva kan ontaard nie, selfs al probeer ek,” sê sy, en lag. “Dis ook net nie wie ek is nie, en ek dink dis aan my Suid-Afrikaanse grootwordjare te danke**.”**

**[Verwerk uit Huisgenoot]**

**VRAE: TEKS A**

1.1 Wat kan Lesley-Ann nou doen omdat die laaste reeks van Lucifer klaar verfilm is? (1)

1.2 Op watter stromingsdiens kan jy Lesley-Ann Brandt te siene kry? (1)

1.3 Watter karakter speel Lesley-Ann in Lucifer? (1)

1.4 In watter land is Lesley-Ann gebore? (1)

1.5 Hoe weet jy dat Lesley-Ann en Lucifer goed oor die weg gekom het? Haal **DRIE OPEENVOLGENDE** woorde uit paragraaf 2 aan as bewys “ ”. (1)

1.6 Noem **DRIE** dinge wat Lesley gedoen het tydens die verfilming van al die *Lucifer*-reekse.(paragraaf 3) (3)

1.7 Wat omtrent die *Lucifer*-stel gaan sy baie mis? (1)

1.8 Noem **EEN** van die emosies wat Lesley-Ann ervaar het op die laaste dag van verfilming. (1)

1.9 Wat het Lesley-Ann en haar man in gemeen? (1)

1.10 Hoe het Lesley-Ann seker gemaak dat haar huwelik uitwerk? (1)

1.11 Hoe weet jy dat Lesley-Ann en haar man dinge saam met hul seun doen wat hy geniet? (1)

1.12 Noem **EEN** stokperdjie van Kingston. (1)

1.13 Sê of die volgende **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord volledig. (1)

*Kingston kan glad nie Afrikaans verstaan nie.*

1.14 Dink jy dat Kingston sukkel om Frans te leer? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.15 Hoe weet ons dat Lesley-Ann trots op Kingston is? (1)

1.16 Waarom het Lesley-Ann verlede jaar Suid-Afrika besoek? (1)

1.17 Noem **TWEE** dinge van die Kaap waarna Lesley-Ann verlang. (2)

**[20]**

## VISUELE GELETTERDHEID

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Die vrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.



**VRAE:TEKS B**

1.18 Wat is die leuse van die kleuterskool kunsklub? (1)

1.19 Noem **TWEE** redes waarom ouers hulle kleuters na hierdie kunsklub sal neem? Begin so: *Hulle kleuters kan leer om .....en.....* (2)

1.20 Waarom is dit effektief om 'n verfkwas en inkleurpotlode in die advertensie te gebruik? (1)

1.21 Hoe lank gaan die kunsklas duur? (1)

**[5]**

**<u>TEKS C: GRAFIEK</u>**

Die vrae wat volg is op die grafiek hieronder gebaseer.




**VRAE:TEKS C**

1.22 Volgens die opskrif, watter probleem het Suid-Afrika? (1)

1.23 Hoe verskil Suid-Afrika van die res van die wêreld wat werk betref? (2)

1.24 Watter persentasiematrikulante het in 2008 werk gekry? (1)

1.25 Hoe weet jy dat in 2019 minder matrikulante werk gekry het as in 2018? (1)

**[5]**

**TOTAAL: 10 PUNTE**

**AFDELING A TOTAAL:30**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 2**

Die taalvrae wat volg is op die artikel hieronder gebaseer.

## Foon met prent van 'The Hulk' red man se lewe



**13 Oktober 2021**

(Foto: Pedro Carvalho/Twitter)

Die skerm het met die trefslag gekraak. ʼn Man is verlede week gered nadat sy selfoon, met ʼn omhulsel wat een van Marvel se geliefde superhelde vertoon, ʼn koeël tydens ʼn rooftog laat wegskram het.

Die man se dokter het ʼn foto op sosiale media gedeel van die koeël-deurtrekte selfoon, met ʼn omhulsel waarop The Hulk pronk.

"ʼn Pasiënt is by ongevalle opgeneem ná ʼn gewapende rooftog waartydens sy selfoon die koeël laat wegskram het!!!" het ʼn verbaasde dokter geskryf.

Die slagoffer is deur ʼn aantal verdagtes aangekeer, het *New York Post* berig.

Die verdagtes het die man probeer beroof en hom geskiet voordat hulle _____ voet gevlug het.

Die man is kort ná die voorval na ʼn plaaslike hospitaal geneem. Die koeël hom net skrams getref.

Die koeël het die man se heup geskaaf voordat dit van sy Motorola-slimfoon gebons het.

Afgesien daarvan dat die pasiënt erg ontsteld is ná die voorval, het hy slegs ʼn klein kneusplek.

Hy is enkele minute nadat hy by die hospitaal afgelaai is, weer ontslaan.

**[Maroela Media]**

2.1 Skryf die onderstaande sin oor in die **TOEKOMENDE TYD**.
*Die skerm het met die trefslag gekraak.* (1)

2.2 Skryf die onderstaande sin **OOR**.
*'n Man is verlede week gered.*
Begin so: Verlede week...

2.3 Verander die onderstaande sin oor in 'n **VRAAGSIN.**
*Die dokter het 'n foto op sosiale media gedeel.* (1)

2.4 Skryf die onderstaande sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.
Die *Hulk* pronk op die omhulsel. (1)

2.5 Skryf die onderstaande sin oor in die **VERLEDE TYD**.
'n Pasiënt is by ongevalle opgeneem. (1)

2.6 Skryf die onderstaande sin oor in die **BEDRYWENDE VORM**.
Die slagoffer is deur 'n aantal verdagtes aangekeer (1)

2.7 Verbind die onderstaande sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.
Die verdagtes het die man probeer beroof. Hulle het hom geskiet. (**daarna**) (1)

2.8 Vul die ontbrekende **VOORSETSEL** in.
Die verdagtes het ____ voet gevlug. (1)

2.9 Skryf die onderstaande sin oor in die **INDIREKTE REDE**.
Die dokter sê: "Hy het 'n klein kneusplek." (1)

2.10 Voltooi die onderstaande **VERGELYKING** deur die korrekte woorde tussen hakies te kies.
Die man was so koel soos 'n **(komkommer/beet**). (1)
**[10]**

**VRAAG 3:**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**'Ons is geseënd': Cristiano Ronaldo en meisie Georgina Rodriguez verwag 2de**



1.Pas ná sy skitterende terugkeer na Manchester United het die **3.1** (**sokker+speler**) Cristiano Ronaldo nog 'n rede om fees te **3.2** (**vier**).

2.Die **3.3** (**36 jarige/36-jarige**) sokkerster is op koers om sy eie **3.4** (**klein**) sokkerspan te hê – hy en sy lewensmaat, Georgina Rodríguez, verwag 'n tweeling.

3."Verheug om aan te kondig ons verwag 'n tweeling. Ons harte is **3.5** (**vol**) liefde – ons kan nie wag om julle te ontmoet nie #blessed," skryf hy by die foto.

4.Die Portugese boorling het in 2010 die eerste keer pa geword toe hy sy **3.6** (**oud**) seun, Cristiano **3.7** (**jr.**) verwelkom het.

5.Cristianinho, soos hy sy **3.8** (**seun**) met liefde noem, is byna altyd aan sy pa se sy. Hy ontvang dikwels **3.9** (**prys**) saam met sy **3.10** (**beroemde**) pa.

**[Maroela Media]**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Vorm 'n **SAMESTELLING** met die woorde tussen hakies in paragraaf 1. | (1) |
| 3.2 | Gebruik die homoniem van "**vier**" in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom | (1) |
| 3.3 | Kies die **KORREKTE SPELLING** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.4 | Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.5 | Gee die **ANTONIEM** vir die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.6 | Gee die **OORTEFFENDE TRAP** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.7 | Skryf die **AFKORTING** tussen hakies uit. | (1) |

3.8 Skryf die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies neer. (1)

.3.9 Skryf die **MEERVOUDSVORM** van die woord tussen hakies neer. (1)

3.10 Verdeel die woord tussen hakies in **LETTERGREPE**. (1)

**TOTAAL AFDELING B:20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL:50 PUNTE**

**NASIENRIGLYNE**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1:**

**TEKS A: ARTIKEL**

| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 1.1 | Sy kan nou meer gesinstyd geniet.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.2 | Netflix✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.3 | Mazikeen✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.4 | Suid-Afrika✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.5 | Lucifer se regterhand✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.6 | Sy het getrou✓/’n kind gehad✓/ ’n huis gekoop✓ | 3 | | 3 | | | |
| 1.7 | Haar karakter se klere.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.8 | vreugde✓/Dankbaarheid✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.9 | Hulle is albei akteurs.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.10 | Sy moes ’n balans tussen haar werk en gesin vind. | 1 | | | 1 | | |
| 1.11 | Hulle pak prettige aktiwiteite saam aan.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.12 | fietsry✓/sokker speel✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.13 | Onwaar. Hy ken bietjie van die slêng✓/<br>Hy het ’n goeie Afrikaanse aksent.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.14 | Nee. Hy vorder goed✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.15 | Sy spog oor haar seun wat vlot is in Frans. | 1 | | | 1 | | |
| 1.16 | Sy het ’n vriendin se troue bygewoon.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.17 | Die mense✓ en die uitsig op Tafelberg.✓ | 2 | | 2 | | | |
| | | | 3 | 11 | 6 | | |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20 PUNTE**

**AFDELING B: VISUELE GELETTERDHEID**

**VRAAG 2 : NASIENRIGLYNE**

**TEKS B: ADVERTENSIE**

| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
| 1.18 | Every child is an artist.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 1.19 | Hulle kleuters kan leer om uitdrukking te gee aan hulle idees en emosies/selfdissipline te hê/selfvertroue te hê/kreatief te wees.<br>**ENIGE TWEE** | 2 | | 2 | | | |
| 1.20 | Die kleuters gaan kunsklasse kry./Dit gaan oor kuns./ Dit is ʼn kunsskool. | 1 | | 1 | | | |
| 1.21 | 30 minute/ ʼn half uur✓ | 1 | 1 | | | | |
| | | | 1 | 3 | 1 | | |

**[5]**

**AFDELING B: VISUELE GELETTERDHEID**

**VRAAG 2 : NASIENRIGLYNE**

**TEKS C: GRAFIEK**

| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
| 1.22 | Werkloosheid✓ | 1 | 1 | | | | |
| 1.23 | a) In Suid-Afrika het 4 uit 10 volwassenes werk.✓<br>b) Wêreldwyd het 6 uit 10 volwassenes werk.✓ | 2 | | | 2 | | |
| 1.24 | 63 %✓ | 1 | | 1 | | | |
| 1.25 | Daar is ʼn verskil van 8 %✓ | 1 | | 1 | | | |
| | | | 1 | 2 | 2 | | |

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**TAALSTRUKTURE**

**VRAAG 2 : MEMORANDUM**

**SINSTRUKTURE**

| | | PUNT | VLAK 1 LETTERLIK | VLAK 2 HERORGANISASIE | VLAK 3 AFLEIDING | VLAK 4 EVALUERING | VLAK 5 WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 20% | 20% | 40% | 20% | |
| 2.1.1 | Die skerm sal met die trefslag kraak.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 2.2.1 | Verlede week is ’n man gered.✓ | 1 | 1 | | | | |
| 2.3.1 | Waarop het die dokter ’n foto gedeel? | 1 | | | 1 | | |
| 2.4 | The Hulk pronk nie op die omhulsel nie.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 2.5 | ’n Pasiënt was by ongevalle opgeneem.✓ | 1 | | 1 | | | |
| 2.6 | ’n Aantal verdagtes het die slagoffer aangekeer.✓ | 1 | | | | 1 | |
| 2.7 | Die verdagtes het die man probeer beroof daarna het hulle hom geskiet. | 1 | | | 1 | | |
| 2.8 | te✓ | 1 | | 1 | | | |
| 2.9 | Die dokters sê hy het ’n klein kneusplek.✓/Die dokters sê dat hy ’n klein kneusplek het.✓ | 1 | | | 1 | | |
| 2.10 | Komkommer✓ | 1 | | | 1 | | |
| | | | 1 | 5 | 4 | | |

**VRAAG 3 : MEMORANDUM**

**WOORDSTRUKTURE**

| | | PUNT | VLAK 1 LETTERLIK | VLAK 2 HERORGANISASIE | VLAK 3 AFLEIDING | VLAK 4 EVALUERING | VLAK 5 WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | sokkerspeler✓ | 1 | 1 | | | | |
| 3.2 | Ek het vier appels.✓ (getal) | 1 | | | 1 | | |
| 3.3 | 36-jarige✓ | 1 | 1 | | | | |
| 3.4 | piepklein✓ | 1 | | 1 | | | |
| 3.5 | leeg✓ | 1 | | 1 | | | |
| 3.6 | oudste✓ | 1 | | 1 | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.7 | junior✓ | 1 | | 1 | | | |
| 3.8 | seuntjie✓ | 1 | 1 | | | | |
| 3.9 | pryse✓ | 1 | 1 | | | | |
| 3.10 | Be-roem-de✓ | 1 | | | 1 | | |
| | | | 4 | 4 | 2 | | |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 50 PUNTE**